BERGVLIET HOËRSKOOL

GRAAD 8	**TAAK 10: KONTROLETOETS**	**TYD: 90 MINUTE**
NOVEMBER 2024		**PUNTE: 60**
EKSAMINATOR: A. CLOETE		**MODERATOR: VAKSPAN**

INSTRUKSIES EN INLIGTING:

1. Hierdie toets bestaan uit **VIER** Afdelings.

   AFDELING A: VRAAG 1 BEGRIPSTOETS **(20 PUNTE)**

   AFDELING B: VRAAG 2 VISUELE TEKS **(10 PUNTE)**

   AFDELING C: VRAAG 3 OPSOMMING **(10 PUNTE)**

   AFDELING D: VRAAG 4 TAAL **(20 PUNTE)**

2. Beantwoord AL die vrae.
3. Begin elke Afdeling op 'n NUWE bladsy.
4. Trek 'n streep na elke afdeling.
5. Lees die instruksies vir elke vraag noukeurig en doen slegs wat verlang word.
6. Nommer die antwoorde presies soos die vrae genommer is.
7. Skryf asseblief netjies en leesbaar – ons kan nie onleesbare handskrif merk nie.

VOORSPOED!

HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 10 BLADSYE

AFDELING A: BEGRIPSTOETS

VRAAG 1

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg.

TEKS A

Katy Perry

1. Jy kan nie anders as om versot op Katy Perry te wees nie. Van haar aansteeklike liedjies en oulike klere tot haar spontane persoonlikheid – sy is beslis soos die bure se dogter wat groot naam gemaak het!

2. Katheryn Elizabeth Hudson, oftewel Katy Perry, is op 25 Oktober 1984 gebore. Sy is ’n Amerikaanse sangeres, liedjieskrywer en aktrise. Katheryn het die verhoognaam ‘Katy Perry’ gekies om te keer dat mense haar verwar met die Amerikaanse aktrise, Kate Hudson.

3. Katy het in ’n streng Christelike huis grootgeword. Albei haar ouers is pastore wat haar as kind verbied het om MTV te kyk. As ’n kind was Katy dus nie baie blootgestel aan popmusiek nie. Katy sê sy het gesukkel om te lees, want “sy het nie veel skoolgegaan nie” omdat haar gesin gedurig in Amerika rondgetrek het toe sy klein was. “Ek was nie in goeie skole nie, want my ouers het nie in openbare opvoeding (public education) geglo nie. Hulle wou hê hul godsdiens (religion) moes die opvoeding beïnvloed; daarom was ek in skole wat helfte opvoeding en helfte geloof was,” sê Katy. In 2001, op 17-jarige ouderdom, het Katy ‘n gospel-album uitgebring onder die naam Katy Hudson.

4. Katy het in 2008 bekend geword toe sy haar eerste treffer, *I kissed a Girl*, vrygestel het. Hierdie liedjie is deels geïnspireer deur die aktrise, Scarlett Johansson, omdat sy gedink het Scarlett is oulik. *I kissed a Girl* het in meer as twintig lande die nommer 1-trefferlys gehaal. Haar tweede album, “*One of the boys*”, was ook ‘n baie groot sukses. Katy het in 2011 die rekordboeke herskryf toe sy die eerste vroulike kunstenaar geword het met vyf no. 1-treffers op een album, *Teenage Dream*. Op hierdie album is bekende liedjies soos *Teenage Dream, Firework* en *California Gurls*, (wat sy saam met Snoop Dogg sing).

5. Haar vierde album, *Prism*, is in 2013 vrygestel en is ‘n mengsel van pop- en dansmusiek. Katy Perry is bekend vir haar pragtige stem, lekker luisterlirieke en haar vreemde klerekas. Katy Perry is op 23 Oktober 2010 met die Engelse akteur en komediant, Russel Brand, getroud, maar is weer op 31 Januarie 2011 van hom geskei.

6. PRETFEITE OOR KATY PERRY:

- Katy het ‘n kaartjie van R2 miljoen gekoop om volgende jaar in die Britse biljoenêr Richard Branson se *Virgin Galactic*-ruimtetuig ruimte toe te gaan.
- Sy borsel haar tande tussen vier tot ses keer per dag.
- Sy maak graag haar huis skoon – net vir die lekkerte!
- Katy het ‘n kat, Kitty Purry, wat haar eie blog het!
- Katy Perry het Justin Bieber onttroon (*dethrone*) as die gebruiker met die meeste aanhangers (*fans*) op Twitter. Katy het 59,26 miljoen aanhangers en Bieber het net 57,28 miljoen.
- Katy sê sy is gewild omdat sy altyd vrolik is en mense ignoreer wat nie van haar hou nie.

Bronne: *Wikipedia, Huisgenoot* (Verwerk en aangepas 2023)

1.1 Haal **EEN WOORD** uit paragraaf 1 aan wat dieselfde as “**hou van**” beteken. (1)

1.2 Noem **TWEE** redes waarom Kary Perry se bewonderaars *(fans)* so baie van haar hou. (2)

1.3 Kies die **KORREKTE** antwoord. Skryf net die vraagnommer 1.3 en die letter (A - D) neer, bv. 1.3 E

Katy is “<u>beslis soos die bure se dogter wat groot naam gemaak</u>” beteken dat …

A sy het baie beroemde ouers, daarom is sy baie bekend.

B sy en die bure se dogter het dieselfde naam.

C sy is net ’n gewone meisie uit ’n gewone huis wat baie bekend geword het.

D sy is die bure se dogter en sy hou baie van hulle seun.

(1)

1.4 Katy Perry is Kate Hudson se verhoognaam.

1.4.1 Verduidelik waarom, Katy Hudson, die verhoognaam Katy Perry gekies het? (1)

1.4.2 Van watter naam hou jy die meeste? Verduidelik jou antwoord. (1)

1.5 Katy Perry het ’n baie sterk godsdienstige opvoeding (education) gehad.

Haal **DRIE OPEENVOLGENDE WOORDE** uit paragraaf 2 aan wat bewys dat hierdie stelling **WAAR** is. (1)

1.6 Gee **EEN REDE** waarom Katy se ouers haar verbied het om MTV te kyk. (1)

1.7 Kies die **KORREKTE** antwoord tussen hakies. Skryf net die nommer en antwoord neer:

Katy het bekend geword as (’n gospel-/pop) sangeres. (1)

1.8 Voltooi die paragraaf deur die korrekte antwoord uit die lys te kies.

Lys:

Kitty Purry se hare te kam / gospel / positiewe/Amerikaanse / haar huis skoon te maak / suksesvolle / Engelse

Die 1.8.1_____ sangeres, Katy Perry, is op 25 Oktober 1984 gebore. Katy is ’n baie 1.8.2_____ sangeres, want al haar liedjies is populêr by haar bewonderaars. Sy hou daarvan om 1.8.3_____. (3)

1.9 **Kyk na paragraaf 6.**

Katy Perry is skatryk.

Gee **EEN REDE** uit paragraaf 6 wat bewys dat hierdie stelling WAAR is. (1)

1.10. Katy Perry het Justin Bieber **onttroon** as die gebruiker met die meeste aanhangers op Twitter.

1.10.1 Word die vetgedrukte woord **LETTERLIK of FIGUURLIK** bedoel? (1)

1.10.2 Verduidelik in jou **EIE WOORDE** wat jy met hierdie sin verstaan. (1)

1.11 Verduidelik watter rekord Katy Perry in 2011 opgestel het? (1)

1.12 Watter goeie raad gee Katy vir tieners in paragraaf 6? (1)

1.13 Noem **EEN** karaktereienskap van Katy Perry wat haar gewild maak. (1)

1.14 Almal het ‘n rolmodel in die lewe.

Dink jy, Katy Perry is ‘n goeie rolmodel? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

1.15 Wie is jou rolmodel? (1)

TOTAAL AFDELING A: 20

AFDELING B: VISUELE TEKS

VRAAG 2

Bestudeer die onderstaande visuele teks en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.

TEKS B



2.1 Watter kompetisie word adverteer? (1)

2.2 Noem die hoërskool grade wat aan hierdie kompetisie mag deelneem. (1)

2.3 Wat is die waarde van die prysgeld wat die wenner in die hoërskool gaan ontvang? (1)

2.4 Op watter datum sluit die registrasies vir laerskole? (1)

2.5 Daar is drie maniere waarop jy die vraestelle tuis kan voltooi, noem **ENIGE TWEE** maniere. (2)

2.6 Waar kan jy vir hierdie kompetisie registreer? (1)

2.7 Sal jy vir hierdie kompetisie inskryf? Gee ‘n rede vir jou antwoord. (1)

2.8 Wat sal elke finalis wat aan die finaal deelneem, vir die kompetisie ontvang? (1)

2.9 Noem enige **EEN** van die borge van die kompetisie. (1)

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: OPSOMMING

VRAAG 3: DOEN MY ’n GUNS EN BLY BY DIE HUIS: ’N LES IN TEATER-ETIKET

Lees die onderstaande teks deur en voer die instruksies uit.

INSTRUKSIES:

1. Skryf die **SEWE** wenke, oor hoe ’n mens goeie maniere in die teater kan toon, puntsgewys onder mekaar neer.
2. Die opsomming moet in jou eie woorde wees.
3. Die opsomming mag nie meer as **70 woorde** wees nie.
4. Skryf aan die einde van jou opsomming die aantal woorde tussen hakies neer.

TEKS C

DOEN MY ’n GUNS EN BLY BY DIE HUIS: ’N LES IN TEATER-ETIKET

deur Francisca Heese

1 Ek het agtergekom dat daar deesdae mense is wat dink ’n aand in die teater is dieselfde as ’n uitstappie Nuweland toe. Hier is ’n paar wenke vir jou om aan te dink:

2 As die deure van die teater toegemaak is, sien jy nie die vertoning nie. Mense wat nie betyds vir ’n produksie kan wees nie, verdien nie om eers die voorportaal van die teater te betree nie. So, moenie laat wees nie.

3 Daar is niks wat akteurs so vinnig op hul senuwees maak soos mense wat nie ’n vertoning kan deursit nie. Moet asseblief nie tydens die vertoning opstaan nie.

4 Die grootste probleem bly steeds die selfoon. Skakel dit af of bly by die huis as jy ’n dringende oproep verwag – dan pla jy ten minste nie die gehoor en akteurs nie.

5 As die teaterligte afgaan, begin die produksie en moet jy stilbly. Vir solank die verhoogligte aan is, moet jy jou mond hou. Niemand stel belang in jou opmerking oor die produksie nie.

6 Nog ’n ding wat uiters irriterend is, is as iemand tydens ’n produksie eet of drink. Doen dit voor of na die vertoning. Dis vir niemand lekker as jy in hulle ore kou nie.

7 Jy kan hande klap aan die einde van die produksie gee – wanneer die akteurs buig en die ligte weer aangeskakel is en jy ander mense ook hoor klap.

8 Laastens, wees respekvol teenoor die akteurs, gehoor en produksiespan vir die harde werk wat hulle doen. Gebruik dit as ’n geleentheid om jouself te strek. As jy dit nie kan doen nie, doen my ’n guns en bly by die huis.

TOTAAL AFDELING C: 10

AFDELING D: TAAL

VRAAG 4

Lees die onderstaande teks en beantwoord dan die taal vrae wat daarop volg.

TEKS D

Skool, eksamen en alles wat daarmee saam gaan.

1. Dis November en die eksamen lê vlak voor die deur. Onderwysers probeer die laaste hersiening doen en leerders moet eintlik notas neem oor alles wat belangrik is.

2. Terwyl ons almal weet wat eintlik in die klasse moet gebeur, kan ons ook sien wat werklik gebeur... (4.1) Juffrou probeer klas gee terwyl die kinders ‘n lawaai maak wat skrik vir niks.

3. Mens sou dink dat die leerders die lesse meer ernstig sou opneem. (4.2) Dit lyk nie juis of hulle enigsins bang is vir hulle ouers se reaksie as hulle met swak punte huis toe gaan nie. Stel jou voor jy druip jou Afrikaanse toets, dit kan ‘n groot krisis veroorsaak.

4. Miskien is daar so hier en daar ‘n paar leerders wat die eksamens en die leer tydperk in alle erns sien. (4.3) As jy Afrikaans op die heel laaste dag skryf, gaan jy moontlik net by jou lessenaar sit en wonder hoeveel tyd daar nog oor is voordat jou vakansie kan begin.

5. (4.4) Intussen, as jy nie geleer het nie, sal jy heel moontlik sit en stres, want jy onthou dat jou juffrou gesê het dat die vraestel **moeilik** gaan wees as jy nie jou werk ken nie!

6. Gelukkig is daar altyd ‘n paar kinders wat lekker hard leer vir hulle eksamens. Hulle wil mos graag goeie punte kry! En in meeste van hierdie gevalle, is daar ‘n mamma of ‘n pappa wat kyk dat daar geleer word voor die tyd.

7. Partykeer kan mens selfs sien dat jou onderwysers ‘n maklike vraestel probeer opstel het, sodat jy kan goed doen as jy net bietjie geleer het, maar ongelukkig is daar altyd diegene wat al moeg geleer is nog voordat hulle behoorlik begin het.

4.1 Gee ‘n **SINONIEM** vir die woord in hakies.

Terwyl die juffrou prober klas gee, maak die kinders ‘n groot (lawaai). (1)

4.2 Skryf die **INTENSIEWE VORM** van die woord in hakies neer.

Dit lyk nie juis of hulle enigsins (bang) is vir hulle ouers se reaksie as hulle met swak punte huis toe gaan nie. (1)

4.3 Haal die **TWEE SELFSTANDIGE NAAMWOORDE** uit die onderstaande sin uit.

As jy Afrikaans op die heel laaste dag skryf, gaan jy moontlik net by jou lessenaar sit en wonder hoeveel tyd daar nog oor is voordat jou vakansie kan begin. (2)

4.4 Skryf die volgende sin oor en gee dan die **REGTE VORM** van die woord wat vetgedruk is.

Juffrou het gesê dat ons ‘n baie **moeilik** eksamen kan verwag as ons nie gaan sit en leer nie. (1)

4.5 Verbind die onderstaande sinne met die **VOEGWOORD** tussen hakies.

Die kinders leer hard vir hulle eksamen. Hulle kan goed doen. (sodat) (1)

4.6 Skryf die sin oor in die **DIREKTE REDE**.

Juffrou sê dat die vraestel moeilik gaan wees. (1)

4.7 Vul die ontbrekende **VOORNAAMWOORDE** in om die onderstaande sin te voltooi.

Juffrou Basson gesels met Meneer Kamfer. (4.7.1) _____ besluit toe saam om 'n lekker maklike vraestel op te stel vir die eksamen, maar meneer sê (4.7.2) _____ dink tog dat daar so paar moeilike vrae ook moet wees. (2)

4.8 Beantwoord die onderstaande sin in die **ONTKENNENDE VORM**. Begin soos aangedui.

Is jy al moeg geleer vir die eksamen?

Begin so: **Nee,** (1)

[10]

VRAAG 5

Kyk na die onderstaande strokiesprent en beantwoord die vrae wat volg.

Pooh beer en meneer Piglet



[Vertaal vanaf: *www.comicartfans.com/gallerypiece.asp.gallery* 5 Julie 2021]

5.1 Gee die **AFKORTING** vir die woord tussen hakies.

Pooh beer en (meneer) Piglet (1)

5.2 Verwys na raampie 1.

Gee die **TRAPPE VAN VERGELYKING** vir die onderstreepte woord in raampie 1.

Wat doen hulle met die (5.2.1) oud koerante wat ons versamel, Pooh? Hulle gooi die heel (5.2.2) oud koerante weg. (2)

5.3 Verander die onderstaande sin na die **VERLEDE TYD**.

Hulle maak dit fyn. (1)

5.4 Gee 'n **ANTONIEM** vir die woord tussen hakies.

Wat doen hulle met die (oud) koerante? (1)

5.5 Maak gebruik van STOMPI om die volgende sin in die regte **WOORDORDE** te skryf.

Pooh (om koerante te versamel) (elke dag) (stap) (in die bos rond) (1)

5.6 Verwys na raampie 2.

Skryf die onderstaande sin in die **INDIREKTE REDE**.

Piglet vra: "En wat dan?" (1)

5.7 Verander die sin hieronder na die **TOEKOMENDE TYD**.

Hulle maak dit fyn. (1)

5.8 Verwys na raampie 3.

Gee die **MEERVOUD** vir die onderstreepte woord.

Dan maak hulle seker weer 'n boom. (1)

5.9 Skryf die **VERKLEINWOORD** van die woord tussen hakies

Pooh en Piglet dtap in die (pad). (1)

[10]

TOTAAL: 20

GROOT TOTAAL: 60